Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 4 Februarie 2018 Jr. 7 Nr. 4
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

God slaan sesse

Dit gee my hoendervleis om te sien hoe God deur mense werk. Ek voel dikwels soos 'n toeskouer op Nuweland wat elke nou en dan wil opspring en skreeu "Dis 'n ses!!" *Well done!!*

God slaan sesse deur die projekte en mense van Helderberg Uitreik. Nie omdat hulle so goed is nie, maar omdat God so groot is. Getuienisse kom van oraloor by my aan. Van vlugtelinge in Athene wat Jesus begin volg en hulle eie Arabies kerkie gestig het in Omonia, tot 'n bekeerling uit Islam by ons klein gemeentetjie in Mavago, Mosambiek. Van kindertjies en groot-mense wat ontwikkel en groei en leer en uitstyg as gevolg van ons ontwikkelingsprojekte. Baie baie honger mense word versorg van Pakistan tot Sir Lowry's Pass en oral in die Helderberg Kom. Siekes word genees en gebrokenes word heelgemaak. 194 331 mense is in 2016/17 bedien. Dis alles God se werk.

Terwyl ons nou in die erediens sit, het daar reeds vanoggend vyf eredienste in Sri Lanka plaasgevind (3 wat tot 5 gegroei het), en een in Pakistan. Vier eredienste is tans besig waarvan een op Stellenbosch (Internasionale Studente) een by Curro Sitari (Hoop Geloofsgemeenskap), asook een elk in Mute en Mavago in Mosambiek. Ons Kinderevangelisasieprojek bedien vanoggend drie kinderdienste by Helderberg Gemeente.

Versorg en beman deur Helderberg Uitreik, befonds deur geloofoffers en donateurs – geinspireer en aangevuur deur die Heilige Gees van God.

Sondag 4 Februarie

Uitreikfees

Kom saam
Matt 4:19

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Mike Burnard
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Mike Burnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Lebo Molisalife
19:00 Aandkerk	Eric Swanepoel

Deurkollekte: Helderberg Uitreik

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - ch5-rATh

Koffie is te koop in die Tent by die Soul Coffee toonbank. Daar is ook gratis koffie en tee by die kombuistoonbank.

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Johan en Engela Krüger - herstel
Rinie Victor - herstel
Daniel Benade - hartklep operasie
Annalise Wiid - herstel na operasie
Elby Meyer - kanker
Andrew King - gehospitaliseer

Rou:
Ons dink aan Emma Cole, haar seun Robert is oorlede.
Suzette Retief - ons dink aan haar man Toit en die kinders

Sondag 11 Februarie

Druk die reset-knoppie
Rom 12:1-2

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron en Heine Kruger
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel (doop)	Lizette Louw en Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie O'Kennedy
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Lizette Louw en Heine Kruger

Wat gebeur die week:

Dinsdag 6 Februarie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
08:45 Helderberg Seniorklub
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Woensdag 7 Februarie
08:15 Bid in Kapel
10:00 DIY-oggend

Donderdag 8 Februarie
08:45 Bybelstudie
18:45 Kantory oefen

Neem kennis

Uitreikfees: KOM SAAM!

Besoek gerus die projekte in die Tent na die diens. As die Here iets op jou hart lê, maar daar is nog nie so ‘n bediening nie, kom gesels met Louise Theron, louise@nghelder.co.za of 021-851 5582.

Wil jy saam bid?

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.

Elke **2de Woensdag** (7 Februarie) in die Kapel om 8:15, bid ons saam vir ons land, kerk, gesinne en gemeenskap. Hierdie gebedsgroep is al 33 jaar aan die gang en daar is soveel getuienisse van die krag van gebed oor die jare. Ons nooi jou uit om aan te sluit en deel te word van hierdie kragtige bediening. Navrae: Chris Theron, 021-851 2828 / 074 761 7638

Selfie vir die kerkkantoor

As deel van ons kommunikasie wil ons graag ‘n foto van elke lidmaat op ons databasis plaas. Wees asseblief so gaaf en stuur ‘n gesig foto van jou en elkeen in jou gesin vir Grazie by ontvangs@nghelder.co.za. Baie dankie vir die foto’s wat ons reeds ontvang het. Die “selfies” wat julle stuur is reeds gebruik.

Helderberg Seniorklub

Dinsdag 6 Februarie byeenkoms vind plaas om 8:45 vir 9:30 in Korinte.

Program vir die dag
Kom luister na Milanie Vosloo se praatjie met die tema: “Net soos jy is.” Milanie ken en verstaan die hart van mense en het die vermoë om die gedagtes en wyshede op `n verrassende wyse te verwoord. Haar boeke is topverkopers en sy gaan van hulle saambring.
Besoekers is welkom: R20 en dit sluit tee en verversings in
Kontak Isabel Lubbe 021-855 1528 of 082 844

DIY-oggend

Woensdag 7 Februarie om 10:00—12:00 in die Tent. Ons maak vetplante in potjies.
Navrae: Meagin by 021-851 5582

Predikers by Uitreikfees

Mike Burnard het 36 jaar se ondervinding in sending met ‘n diepe begeerte om die ervarings, blootstelling en kennis wat die Here in sy lewe toegelaat het te gebruik om strategies na wêreld tendense, sleutel lande en nuwe moontlikhede binne ‘n sending konteks te kyk. Na 25 jaar diens aan die vervolgde Kerk in die Midde ooste, Asië, Afrika en die Sub-kontinent het Mike homself die laaste 8 jaar toegewy aan ‘n nuwe inisiatief wat spesifieke tendense en wêreld gebeure binne ‘n sending konteks aanspreek.

Eric Swanepoel het sy bediening begin by die NG Kerk Durbanville Bergsig as predikant tot einde 2014. In 2015 raak hy en sy vrou deel van die voltydse span by INcontext International waar hy tans dien as die ontwikkeling– en verhoudings-bestuurder. Die fokus van die bediening is om Christene en gemeente in te lig en toe te rus om strategies na sendingbetrokken-heid te kyk in die lig van huidige wêreld-gebeure.

Lebo Molisalife het twee jaar send-ingwerk in Indonesië gedoen en is die afgelope jaar voltyds by INcontext in diens. Sy was ook vroeër die jaar Libanon toe gewees waar sy onder die vlugtelinge kon bedien en het sopas weer van Indonesië teruggekeer na ‘n kort besoek.

Helderberg UITREIK

Heldermammas
Kom sluit aan
Maandae 09:00
babas-3jaar
Kontak Annette Gerber
vir verdere besonderhede
0825457718

#united
Curro | Sitari | 09:00
helderberg
UITREIK

Korttermynuitreik na Thailand

‘n Korttermynuitreik word beplan vir 27 Junie tot 11 Julie 2018 op uitnodiging van André en Marina Olivier van die Frontida-bediening in Kanthararom, Thailand. Die uitreik sal hoofsaaklik op kinderevangelisasie fokus. Lede is vir hulle eie kostes verantwoordelik.

Belangstellendes kan asb vir Louise Theron kontak by 021 851 5582 of louise@nghelder.co.za

Word jy geraak deur dood, egskeiding of enkelouerskap?

Harmony-projek begin vanaf 15 Februarie om 17:30 in die Tent met die volgende 13 week-siklus kursusse in **GriefShare; Single&Parenting; DivorceCare en DC4Kids.** Die inter-kerklike programme is gegrond op Bybelse waardes wat volwassenes en kinders toerus en ondersteun wat geraak word deur die veranderinge in die familie struktuur.

Kyk op **http://www.churchinitiative.org/** vir meer inligting.

Ons eet vanaf 17:30 lekker saam in die Tent en dan begin die onderskeie programme om 18:00 - 20:00. Moenie alleen hierdie pynlike pad loop nie – daar is mense wat verstaan en jou kan ondersteun. Kom word gerus deel van ons “familie” - enigeen is welkom, ook nie-lidmate.

Kontak ons ook gerus as jy op ‘n ondersteunende manier wil betrokke raak as donateur of adviseur, Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com of 072 189 9360.

Belydenis van geloof

Persone wat graag hul lewende verhouding met Jesus Christus voor God en die gemeente wil bely word uitgenooi om dit by een van die volgende geleenthede te doen:

Belydenisaflegging Sondag	Woensdag-gesprek om 19:00
11 Maart	7 Maart
20 Mei	16 Mei
12 Augustus	8 Augustus
28 Oktober	24 Oktober

Belydenisaflegging bestaan uit twee geleenthede:

- 'n Intieme geleentheid in die Kapel waar die jongmense, hul ouers en/of familie saam nagmaal gebruik. Dié geleentheid vind plaas die Woensdag om 19:00 voor die Belydenissondag en
- die openbare belydenis van geloof in een van die eredienste.

Belydenisvorm kan op die gemeente se webblad afgelaai word, is beskikbaar by die kerkkantoor of die Tienerkerk.

Navrae kan gerig word aan Annette Botha by 021-851 5582 of fbadmin@nghelder.co.za

Jeugbediening materiaalgelde

Vir almal betrokke by familiebediening is dit 'n roeping en voorreg om saam met ons ouers die kinders geestelik te versorg. In die dienste, kleingroepe, oorslape en spesiale geleenthede bv. Pinkster word daar baie moeite gedoen met lesmateriaal en hulpmiddels. Om dit moontlik te maak vra ons vriendelik dat ouers 'n vrywillige bydrae vir die jaar sal maak:
R100 per kind; 2 kinders R180; 3 kinders R250; 4 kinders R300.
Dié geld kan inbetaal word met verwysing Jeug + naam by die kerkkantoor of EFT.

Dienste benodig

Koördineerder: Beradingsdienste by Helderderg Beradingsentrum

Vereistes: Geregistreerde maatskaplike werker.
Vergoeding: Begrote bedrag vir dienste is R2 500 per maand.
Dienste benodig: Volledige inligting by kerkkantoor beskikbaar.
Belangstellendes kan aansoeke indien vóór 12 Februarie 2018 by doreen@doreenh.com.
Navrae by Doreen Hofmeyr (082 899 9942).

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*